NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur | 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop van korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

VRAAG 1 DIE KOUE OORLOG

"Die Verenigde State moes sy militêre strategieë tydens die konflik in Viëtnam herhaaldelik heroorweeg en aanpas."

Evalueer die stelling krities met verwysing na die Verenigde State se beleide in Viëtnam vanaf 1957 tot 1975.

Konteks (oorsigtelik):
- Japannese besetting van Indo-China – ondersteun nasionalistiese bewegings
- *Vietminh* gevestig in 1941 ('n front vir IKP) – leier Ho Chi Minh – maak aanspraak op mag na Japannese oorgawe in 1945 – Demokratiese Republiek van Viëtnam
- Frankryk poog om Indo-China na Tweede Wêreldoorlog te herower – oorlog begin in Desember 1946 – aanvanklik is VSA simpatiek teenoor antikolonialisme van die Vietminh – maar sedert 1949 toenemende ondersteuning van Kommunistiese China en USSR
- VS buitelandse beleid in SOA verander – *Dominoteorie* – lei tot Amerikaanse steun vir die Franse
- Franse in 1954 by Dien Bien Phu verslaan – lei tot onttrekking – Geneefse Konvensie – Noord-Viëtnam (NV) en Suid-Viëtnam (SV) ontstaan
- Met Franse/VSA betrokkenheid teen die Kommunistiese Noorde – word 'n *gevolmagtigde konflik* van die Koue Oorlog

Onder Eisenhower (1957–1961):
- Steun vir President Ngo Dinh Diem, maar regering word beskou as korrup en brutaal – gebruik van geheime polisie en marteling – geen grondhervorming – toon weinig respek vir Boeddhistiese geloof
- Toenemende VS betrokkenheid in Suid-Viëtnam as deel van *Eisenhower Doktrine*
- VS regering stuur finansiële en militêre hulp – geld meestal wanbestuur, maar volgehoue steun as deel van Koue Oorlog-strategie om Westerse-vriendelike regerings te ondersteun
- Diem regering toenemend ongewild – SV kleinboere ondersteun die kommuniste – ontwikkeling van guerrilla oorlogvoering onder die *Viëtkong* (VK) – vestiging van die Nasionale Front vir die Bevryding van Suid-Viëtnam – 80% steun kom van kleinboere van SV
- Vestiging van toevoerroete van NV na SV om wapens en voorraad na VK in SV te stuur – *Ho Chi Minh-roete* (HCMR)
- Militêre strategieë onder Eisenhower as ondoeltreffend beskou – VS-hulp nie in staat om VK te stuit nie en met die volgehoue steun van Diem-regering gekompromitteer – nie in staat om steun van kleinboere van SV te wen nie

Onder Kennedy (1961–1963):
- Diem-regering nie in staat om VK alleen te beveg nie – maak staat op VSA – lei tot heroorweging van strategie
- VS stuur soldate in om SV-leër te versterk (LRVN) – *beleid van raadgewers* en ontplooi ook Green Berets om die guerrilla bedrywighede van die VK teen te staan – *teeninsurgensie-beleid* – gerugsteun deur *veilige gehuggieprogram* waar SV-kleinboere tot beskermde dorpies ingeperk is om toevoerroetes van die VK af te sny
- NV versterk deur steun van China en USSR
- Toenemende protes teen Diem en VS teenwoordigheid – protesoptredes deur studente en monnike – SV reageer met krygswet

- Militêre strategieë onder Kennedy word as ondoeltreffend beskou – dorpenaars ondersteun steeds die VK – nie in staat om die hart en verstand van die inwoners te wen nie en teen-insurgensie-eenhede veg ondoeltreffend weens terrein en VK-taktiek en Kennedy se onwilligheid om die oorlog ten volle te ondersteun

Onder Johnson (1963 – 1969):
- Johnson ondersteun die oorlog in Viëtnam – lei in Augustus 1965 tot die Golf van Tonkin Resolusie na oordrewe aanval op USS Maddox deur die NV-vloot – die Kongres bekragtig meer geld om die oorlog te stu en gee Johnson meer mag in die hantering van die konflik
- Toenemende betrokkenheid met die ontplooiing van gevegstroepe vanaf 1965 – versterk deur steun van Australiese en Nieu-Seelandse troepe – *beleid van eskalasie*
- *Operation Rolling Thunder* vanaf 1965 tot 1972 – bombardement van HCMR om toevoerroete af te sny – gebruik van Agent Orange ontblaringsmiddel om plantegroei te vernietig – bombardement van 'strategiese teikens' in NV – veroorsaak massiewe skade aan mense en landskap en omgewing
- Militêre strategieë onder Johnson as ondoeltreffend beskou – beleide het net die mense se steun vir die VK laat toeneem, VS-leër nie in staat om die VK- en NV-leër in die veld te verslaan nie – terrein en VK-taktieke het gevegte bemoeilik – Tet Offensief van 1968 het VS se militêre resolusie ondermyn en SV regering gedemoraliseer – toenemend negatiewe siening van die oorlog in VSA deur mediadekking – verhoogde druk op VS om te onttrek

Onder Nixon (1969 – 1974):
- Nixon het 'n toenemende ongewilde en duur oorlog in die gesig gestaar – belowe om die oorlog te beëindig
- *Beleid van Viëtnamisering* – verminderde hulp van LRVN en oorhandiging van beheer van die oorlog aan SV-regering – afname in getal troepe
- *Beleid van bombardement* – geheime uitbreiding van bombardement na Laos en Kambodja om die uitbreiding van die HCMR te frustreer
- Militêre strategieë onder Nixon as ondoeltreffend beskou – SV huiwerig om beheer van die oorlog oor te neem en meestal nie in staat nie om 'n bevolking te hanteer wat hoofsaaklik VK en NV steun – bombardement van Laos en Kambodja ontbloot – dwing Nixon om 'n vredevolle onttrekking eervol te verkry – begin vredesonderhandelings met NV in 1972

OF

VRAAG 2 SUID-AFRIKA

"Gedurende die vroeë negentigerjare het die Nasionale Party-regering die onderhandelingsproses voortdurend ondermyn."

Evalueer die stelling krities met verwysing na die tydperk 1990–1994 in Suid-Afrika.

Konteks:
- De Klerk president vanaf Augustus 1989
- Sedert middel 1980's is daar geheime gesprekke met Mandela en die ANC-inballingskap
- Ineenstorting van USSR en einde van die Koue Oorlog in 1989/1990
- Die ontbanning van ANC/PAC/SAKP in 1990 aangekondig
- Mandela in Februarie 1990 vrygelaat
- Begin met oop onderhandelings na 'n demokratiese regering vanaf Mei 1990

Nasionale Party (NP) posisie:
- De Klerk beoog om *NP-beheer en wit mag te handhaaf* in lig van onderhandelde skikking
- De Klerk probeer om 'n magsposisie te handhaaf te midde van 'n ANC-meerderheid
  - SAW en SAP steeds onder regeringsbeheer – *pogings van NP om beheer te behou*

Groote Schuur Minuut:
- Mei 1990
- Fokus: veiligheidswetgewing/troepe in die townships/noodtoestand/voortgesette geweld/tuislande/politieke gevangenes/gewapende stryd/sanksies en ballinge
- NP en ANC grootliks in ooreenstemming, maar …
  - NP dring aan dat ANC gewapende stryd opskort voor verdere onderhandelings – *pogings deur NP om beheer te behou*

Pretoria Minuut:
- Augustus 1990
- ANC stem in om gewapende stryd op te skort in ruil waarvoor regering die noodtoestand ophef, maar …
  - kwessies is steeds oor meerderheidsregering teenoor 'n magsdelingsmodule – *pogings van NP om beheer te behou*

KODESA 1:
- Desember 1991
- Konvensie vir 'n demokratiese Suid-Afrika – vergader by WHS, Kemptonpark
- 300 afgevaardigdes wat breë spektrum van politiek verteenwoordig – deur linkses en regses geboikot
- Poog om 'n tussentydse grondwet op te stel – eerste verkose parlement om grondwet te finaliseer
- 'Verklaring van voorneme' deur afgevaardigdes onderteken – grondwetlike beginsels/ tussentydse regering/tuislandkwessie/tydlyn vir verandering, maar ...
  - De Klerk vra 'n 'slegs blankes' referendum – toon beheer
  - Volgehoue geweld in townships – 'Derde Mag'-aktiwiteit – polisie laat oogluikend Inkatha botsings met die ANC toe – poging van die regering om bevrydings-bewegings te destabiliseer en te ondermyn – *poging van NP om beheer te handhaaf met moorddadige konflikte van ANC/Inkatha – lyk na 'n 'oplossing' vir swart-op-swart geweld*

Bisho Slagting en Boipatong:
- ANC-betoog in Ciskei teen tuislande en brigadier Gqozo fouteer – Ciskei-weermag skiet – Gqozo word as 'n NP-marionet beskou wat die onderhandelingsproses ondermyn
- Boipatong-inwoners verswelg deur 'Derde Mag'-geweld – die polisie word meestal beskou as dat hulle niks doen nie of wapens aan Inkatha as medepligtiges verskaf – *pogings deur NP om beheer te handhaaf*
- *Lei tot ineenstorting van KODESA*

Ander faktore:
- Sluipmoord op Chris Hani deur Walusz en Derby-Lewis – lei tot woedende township betogings – Mandela herstel kalmte op TV – *regse pogings om onderhandeling te ontspoor*
- Azanian People's Liberation Army (APLA) – aanval op die St James-kerk en Heidelberg taverne – *linkse pogings om onderhandeling te ontspoor*
- AWB bestorm die WHS in Junie 1993 tydens veelparty gesprekke – *regse pogings om onderhandeling te ontspoor*

- Regses teiken politieke partye met bomme – *regse pogings om onderhandeling te ontspoor*
- Shell House-bloedbad – botsings tussen ANC en Inkatha – *meer pogings om onderhandeling te ontspoor*

OF

VRAAG 3 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

"Die wêreldekonomie word deur Westerse kapitalistiese organisasies oorheers."

Evalueer die stelling krities met verwysing na die rolle wat die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldhandelsorganisasie in 'n na-Koue Oorlogse wêreld gespeel het.

Konteks:
- Einde van Wêreldoorlog II – grondslae vir wêreldekonomie gelê
- Bretton Woods-ooreenkoms, 1944 – Geallieerde leiers vergader om naoorlogse ekonomieë en rekonstruksies te bespreek
- Ooreenkomste oor *vryhandel* om stabiliteit en welvaart te verseker
- Totstandkoming van drie wêreldwye finansiële instellings: *Internasionale Monetêre Fonds/Wêreldbank/Algemene ooreenkoms oor handel en tariewe*

Internasionale Monetêre Fonds (IMF):
- Gestig in 1944
- Hoofkantoor in Washington DC
- Gefinansier deur lidlande
- Doelstelling: regulering van internasionale finansiële aktiwiteite
  - Internasionale monetêre samewerking
  - Bevorder wisselkoers stabiliteit
  - Help met handelsbalans aanpassing
  - Help met die hantering van ekonomiese krisisse deur internasionale koördinering te verskaf – lenings, plus advies
    … bevordering van vryhandelsbeginsels
- *Maar het gelei tot dominering van globale ekonomie …*
  - *Verskaf lenings aan ontwikkelende nasies – voorwaardelike lenings*
  - *Strukturele Aanpassingsprogramme (SAPs)*
    - Verminder inflasie (strenger monetêre beleid)
    - Tekortverminderingsbeleide (hoër belasting)
    - Voorsieningsbeleide, soos privatisering, deregulering en verbeterde belasting-invordering.
    - Die verwydering van prysbeheer
    - Vryhandel – verwyder tariefbeperkings
    - Devaluasie van geldeenheid om die tekort op die lopende rekening te verminder

    … het 'n impak op burgers as gevolg van:
    streng maatreëls/die besnoeiing van maatskaplike dienste/die ondermyning van die soewereiniteit van die regering/afname in beleggings/devaluering van geldeenhede – vererger die ekonomiese krisis en lei tot 'n groter afhanklikheid van ontwikkelende lande op Westerse kapitalistiese instellings

Wêreldbank (WB):
- In 1944 gestig
- Hoofkantoor in Washington DC

- Deur lidlande gefinansier
- WB het vyf geaffilieerde agentskappe
- Doelstelling: beleggings van welgestelde lede om projekte in ontwikkelende lande te finansier
  - Langtermyn lenings vir infrastruktuur projekte
  - Menslike hulpbronontwikkeling
  - Omgewingsbeskerming
  - Verbeter staatsbestuur
- *Maar het gelei tot oorheersing van globale ekonomie deur …*
  - projekte wat as neo-imperialisties van aard en uitkoms beskou word
  - voorkeur aan Westerse maatskappye vir projekte
- *… het 'n impak op burgers gehad:*
  Vrye markhervorming het 'n negatiewe impak as dit te vinnig geïmplementeer word/ Westerse lewensbeskouing word aangeneem en tradisionele ekonomiese strukture en waardes word laat vaar

Algemene ooreenkoms oor handel en tariewe (GATT)/Wêreldhandelsorganisasie (WHO)

- Gestig in 1947 as GATT – vervang deur WHO in 1995
- Hoofkantoor in Washington DC
- Gefinansier deur lidlande
- Doelstelling: bevorder vryhandel
  - verminder handelshindernisse
  - beslegting van geskille
  - Die WHO verbied diskriminasie tussen handelsvennote, maar maak voorsiening vir uitsonderings vir omgewingsbeskerming, nasionale veiligheid en ander belangrike doelwitte
- *Maar het gelei tot oorheersing van globale ekonomieë deur …*
  - Ryk lande is in staat om hoë invoerregte en kwotas in sekere produkte te handhaaf, wat die invoer van ontwikkelende lande (bv. klere) belemmer;
  - Die handhawing van hoë beskerming van landbou in ontwikkelde lande, terwyl druk op ontwikkelende lande toegepas word om hul markte te open;
  - Oorheersing deur G8 – baie ontwikkelende lande het nie die vermoë om die onderhandelinge te volg en aktief deel te neem nie
  - Beperk ontwikkelende lande om sekere tegnologie uit die buiteland in hul plaaslike stelsels (insluitend medisyne en landbouprodukte) te gebruik
- *Het 'n impak op burgers:*
  Groeiende werkloosheid/dalende plaaslike industrie/uitwerking op landbouproduksie/ arbeidswetgewing buite rekening gelaat/ontwikkelde lande dwing onbillike ooreenkomste op ontwikkelende lande af

Rol van die Verenigde State [nie noodsaaklik nie, maar krediteer *as* dit akkuraat geskakel is]

- Domineer 'Westerse kapitalistiese organisasies' – *hoe outonoom is die organisasies*?
- Ondertekenaar van Bretton Woods-ooreenkomste – stigterslid
- Alle organisasies het hoofkwartiere in VSA
- Organisasies word hoofsaaklik deur VSA gefinansier
- Ekonomie na die Koue Oorlog, gedryf deur VS-gebaseerde multinasionale korporasies – *het belange by die handhawing van wêreldwye oorheersing – werf steun by die VS-regering vir gunstige handelsvoorwaardes*

Rol van Transnasionale Maatskappy [nie noodsaaklik nie, maar krediteer *as* dit akkuraat geskakel is]

- Gebaseer in die Weste
- Wêreldwye handeling – teenwoordig in ontwikkelende nasies – ontginning van rou materiale/vervaardiging naamlik toegang tot goedkoop arbeid
- TNCs gebruik as voertuig om dominansie van Bretton Woods-organisasie uit te brei deur voorkeur toegang tot ontwikkelende nasies te gee deur handelsooreenkomste via SAPs

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

VRAAG 4 DIE KOUE OORLOG

Verduidelik hoe die Verenigde State teen 1949 'n 'invloedsfeer' in Duitsland geskep het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Watter stappe het die Verenigde State geneem om die Duitse ekonomie teen 1949 te beheer?
(b) Hoe het die Verenigde State teen 1949 oorheersing in Duitsland uitgeoefen?
(c) Was die Verenigde State suksesvol om teen 1949 'n invloedsfeer in Duitsland te skep?

- Duitsland is verslaan en het teen April 1945 oorgegee – Geallieerde militêre besetting
- Verdeling van Duitsland in **besettingsones** en Berlyn verdeel – soos op die Jalta-konferensie ooreengekom
- Die Sowjet-eis vir skadevergoeding tydens Jalta-konferensie afgekeur, maar Stalin se bevele gaan voort – massa-dekonstruksie van fabrieke/infrastruktuur terug na die USSR en die ontvoering van wetenskaplikes
- VS-**insluitingsbeleid** geïmplementeer na 'Long Telegram' en Truman se toespraak by die Kongres, naamlik **Truman-leerstelling** – VS waarborg militêre en finansiële steun aan lande wat deur kommunistiese oornames bedreig word, bv. Griekeland en Turkye
- **Heropbou** van die Duitse nywerheid in Westerse sones deur VS-maatskappye en finansies – invloed oor die Duitse ekonomie tot stand gebring
- VS-kongres stem in om die heropbou van Europa te finansier deur die **Europese Herstelplan**, te wete **Marshallplan** – finansiële steun verleen aan Europese lande om te help met die heropbou van nywerhede en infrastruktuur wat deur die oorlog beskadig is – kontrakte aan VS-maatskappye (bv. VW) gegee, open Europese markte vir VS-invoere
- Sowjets reageer met **COMECOM** – poging om VSA-hulp aan Duitsland en Europa teen te werk – gebied aan lande van Oos-Europa – wat nie die ekonomiese invloed van VS aansienlik kan uitdaag nie
- Hulp aan Geallieerde sones in Duitsland en Berlyn
- Sowjets daag die Geallieerde beheer in Berlyn in 1948 uit
- Stalin blokkeer alle pad-/spoor-/waterroetes na Wes-Berlyn
- VSA het 'n aantal opsies: vlieg na Berlyn/diplomasie/onttrek – kies lugvaartopsie – **Berlynse lugbrug**
- VSA toon krag met die organisasie en gebruik van lugmag tydens lugbrug – toon militêre vermoë
- Stalin beëindig die lugbrug teen 1949 – nie in staat om die VSA-weermag uit te daag nie
- VSA het ook sedert 1944 oor kernwapens beskik – 'n afskrikmiddel vir die Sowjet-aggressie in die 1940's – rig militêre basisse in Wes-Duitsland op

- Westerse sones implementeer geldeenheidshervormings ná die Berlynse krisis om die Wes-Duitse ekonomie te laat groei – lei tot die vorming van die **Duitse Federale Republiek** en die **Duitse Volksrepubliek** teen 1949
- Militêre vermoëns ontwikkel deur die vorming van die **Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie** in 1949 – na aanleiding van Berlynse krisis en om militêre krag in die Wesblok te versterk

VRAAG 5 SUID-AFRIKA

Verduidelik hoe Suid-Afrika tussen 1994 en 1996 gepoog het om die waarheid te ontbloot en met sy verlede te versoen deur die volgende vrae te beantwoord.
(a) Wat was die Waarheids- en Versoeningskommissie en wat was sy doelstellings?
(b) Wat was die strukture van die Waarheids- en Versoeningskommissie en hoe het dit gefunksioneer?
(c) Was die Waarheids- en Versoeningskommissie suksesvol om sy doelstellings te bereik?

- Die **WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE** is deur die RNU na aanleiding van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 saamgestel
- Voorsitter was Desmond Tutu, Alex Boraine was adjunk-voorsitter
- WVK het beoog:
  - om ondersoek in te stel na die oorsake en omvang van **menseregteskendings** onder die apartheidsregering tussen 1960 en 1994
  - om **vergoeding** vir slagoffers aan te beveel
  - om **amnestie** te verleen aan oortreders onder sekere voorwaardes waar individue en partye 'n volledige en openbare getuienis van hul optrede moes lewer
  - om die misdade van apartheid op 'n beginsel van **herstellende geregtigheid** te hanteer in 'n poging om **nasionale versoening** te bevorder
- Werk het in 1996 begin met openbare verhore dwarsoor die land
- 22 000 slagoffers het by die verhore getuig
- Drie komitees is deur die WVK saamgestel:
- **Die Menseregteskendings-komitee** – het ten doel gehad om slagoffers te laat getuig
- **Die Reparasie- en Rehabilitasie-komitee** – het verhale ondersoek en steun verleen, vergoeding vir verliese is aan sommiges verleen
- **Die Amnestie-komitee** – kon amnestie aan oortreders verleen in ruil vir volledige openbaarmaking as hulle politieke motivering kon bewys
- WVK ondersoek diegene wat vir die regering en bevrydingsbewegings gewerk het
- WVK se **sukses** bevraagteken:
  - Oortredings van menseregte: sommige oortreders het die verrigtinge geïgnoreer of nie verskyn nie, die WVK is as 'n heksejag beskou, slagoffers en gesinne het nie gevoel dat geregtigheid geskied het nie
  - Vergoedingskwessies: baie kontroversieel, verskillende sienings oor skade-vergoeding, teen 1998 was slegs 1000 eise verwerk; diegene wat geregtig was op vergoeding het dit nie altyd ontvang nie, omdat die regering dit nie kon bekostig nie, sommige het gedink dat oortreders moes betaal, en soms het skadevergoeding bestaan uit nie-finansiële voordele soos doodsertifikate wat voorsiening sou maak vir afsluiting
  - Kwessie van amnestie: baie kontroversieel, slagoffers en gesinne het gevoel dat oortreders straf vrygespring en losgekom het, misdadigers het die proses gebruik om vryheid te bekom, gebrek aan berou is bevraagteken, slegs 1167 aansoekers uit 7116 het amnestie ontvang – amnestie was 'n politieke kompromis – party senior amptenare het enige vorm van straf vrygespring, bv. PW Botha, Magnus Malan

- Kwessie van versoening: moeilik om te beoordeel, oortreders het vergifnis gevra, Tutu as voorsitter het die Christelike beginsel van vergifnis beklemtoon, baie slagoffers en gesinne wou geregtigheid hê eerder as net die waarheid.
- Kwessie van selektiewe fokus: WVK het op menseregteskendings in die tagtigerjare gefokus, en baie ander geïgnoreer, WVK kon mense dagvaar om te getuig, maar het ter wille van versoening of politieke kompromie verkies om dit nie te doen nie, fokus van WVK was op individue en nie op instellings nie – baie maatskappye was aandadig aan apartheid – geen dwang om te getuig of verkeerde dade te erken nie.
- Kwessie van versoening: tussentydse verslag teen 1998, finale verslag met amnestie-aansoeke teen 2003, kritiek van alle kante oor vooroordeel en gebrek aan optrede, versoening nie bereik nie, maar die proses is begin

VRAAG 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Verduidelik hoe Gorbachev gepoog het om die groot verskeidenheid uitdagings aan te pak wat die Sowjetunie in die 1980's in die gesig gestaar het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Watter hervormings is deur Gorbachev geïmplementeer en wat was die doelstellings?

(b) Hoe het Gorbachev se hervormings gepoog om die groot verskeidenheid uitdagings aan te pak wat die Sowjetunie in 1980's in die gesig gestaar het?

(c) Was Gorbachev se hervormings suksesvol?

- USSR staar in die middel-1980s beduidende uitdagings in die gesig
  - Leierskapkrisis – opeenvolgende sterftes van leier, leiers as oud en stagnant beskou
  - Sowjet-ekonomie stort in duie – gedreineer deur die oorlog in Afganistan, missielvervaardiging, gevolmagtigde oorloë – bevelsekonomie kon nie tred hou met die res van die wêreld nie
  - Landbouproduksie laag
  - Tekorte aan verbruikersgoedere, onvoldoende behuising, swak openbare gesondheidsorgstelsel, alkoholisme vier hoogty
  - Sowjet-lewenstyl gedemoraliseer – opstande wat in Oos-Europa begin
- Gorbachev kom in 1985 aan bewind
  - Nuwe dryfkrag en energie
  - Erken probleme
  - Implementeer 'n hervormingsproses om by die Sowjet-situasie en wêreldwye uitdagings in die middel-1980s aan te pas – **glasnost** en **perestroika**
- **Glasnost:**
  - Beteken 'openheid'
  - Regering beheer pers, maar koerante en tydskrifte kan vrylik berig
  - Maak argiewe oop
  - Die ramp in Chernobyl dwing die Sowjet-regering om openlik te reageer
  - Hervorming gemik:
    - Om kommunikasie van burgers teenoor die regering toe te laat – kritiek sou positiewe verandering en oplossings vir die uitdagings wat Rusland in die gesig staar, teweegbring, maar
      - skep ruimte vir toename en openlike **kritiek** van Gorbachev en die regering
      - groei van **politieke opposisie (teenstand)** teen Gorbachev – toename in betogings regoor Rusland en Oosblok

        - verlies aan Russiese beheer in Oos-Europa bevorder anti-Kommunistiese groepe – lei tot die omverwerping van Sowjet-gedomineerde regerings teen einde van 1989
    - Om sensuur oor media, kuns, letterkunde en teater te beëindig – groter spraakvryheid – wen die harte en verstand van die burgers, maar
        - **toename in protes** – bevorder groei van anti-Sowjet media
    - inisieer proses van **demokratiya**
    - Om verdraagsaamheid te toon deur politieke gevangenes en afvalliges vry te laat, maar
        - lei tot die totstandkoming van opposisiegroepe in republieke – verlies aan beheermaatreëls laat toe dat onderliggende etniese verdeeldheid toeneem
        - gekoppel aan die opkoms van **nasionalisme** in die Baltiese state en ander Sowjetrepublieke
        - nasionalistiese amptenare wat tot die amp verkies is – lei tot die verbrokkeling van die USSR namate republieke onafhanklikheid verklaar, bv. Litaue, Letland en Estland breek teen 1990 van die USSR weg – dit lei tot die ineenstorting van die USSR
- **Perestroika:**
    - Ekonomiese 'herstrukturering'
    - Die Sowjet-ekonomie stagneer teen die vroeë 1980's: gebrek aan aansporings, geen toegang tot kwaliteit verbruikersgoedere, lae moraal, hoë alkoholismevlakke
    - Hervormings beoog:
        - Om die Sowjet-ekonomie te herbou deur te beweeg van 'n staatsbeheerde bevelsekonomie na een gebaseer op kapitalistiese beginsels van vryhandel, maar **produksie het laag gebly** en **tekorte het toegeneem**
        - Om privaatbesighede toe te laat – kon self besluit oor pryse en verspreiding
        - Om bankrot ondernemings in staatsbesit te sluit – **lei tot werkloosheid**
        - Om subsidies te beëindig – meer realistiese pryse, maar dit lei tot **toename in koste van behuising, voedsel en mediese versorging**
        - Om die lewenstandaard te verhoog, maar **inflasie verhoog**
    - Lei tot **ekonomiese agteruitgang**: voedseltoue, tekort aan verbruiksgoedere – verlies van steun vir Gorbachev
    - **Toename in buitelandse skuld**
    - Hierdie beleid het **taboes** oor privaatbesit en desentralisasie van die ekonomie **verbreek**

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020